Akademie Reformia
Soli Deo Gloria

✉ 483, THORNHILL PLAZA 0882
☎ (015) 296 8812 / 🖷 *(015) 296 8801*
e-pos: admin@akademiereformia.co.za
EMIS - nommer: 0904225655
Registrasienommer: 2010052

VRIENDE VAN AKADEMIE REFORMIA

AGTERGROND

Akademie Reformia is 'n "ouerskool" wat op 14 Januarie 1997 gestig is. Hierdie skool is gestig om ouers volgens Skrifbeginsels die geleentheid te bied om hul doopbelofte na te kom. Dit beteken dat ouers die primêre opvoeders van hul kinders is, en bly. Daarom bied 'n "ouerskool" soos Akademie Reformia aan ouers die geleentheid om die Christelike gees en karakter van ons skool te bepaal.

Die skool het tans 14 voltydse personeellede, 1 *Ad hoc* onderwyspersoneellid, 1 onderwysstudent, 1 finansiële beampte, 1 administratiewe beampte, 3 algemene werkers.

As onafhanklike skool ontvang ons geen finansiële steun van die staat af nie.

Om salarisse en bedryfskostes te dek, word daar spesifieke fondsinsamelingsprojekte op `n jaarlikse basis gehou. Hierdie fondsinsamelingsprojekte is egter nie altyd noodwendig genoegsaam om aan al die skool se behoeftes te voldoen nie, en het die skoolbestuur besluit om die volgende opwindende projek van stapel te stuur.

Vir hierdie doel is die "Vriende van Akademie"-klub op 1 Januarie 2019 gestig, met die doel om `n volhoubare bron van fondsinsameling asook betrokkenheid by die skool te skep.

Die doel en gedagte van die klub is, kortliks, as volg:

- om te verseker dat Akademie Reformia skool, sy finansiële vermoë in stand hou, ten einde die skool in staat te stel om op 'n volhoubare basis, in die toekoms steeds kwaliteit Christelike-onderrig- en -opvoeding, van hoogstaande gehalte, aan sy leerders kan verskaf.
- om verbondsouers wat moontlik nie skoolgeld ten volle kan bekostig nie, finansieël te ondersteun ten opsigte van die betaling van hulle skoolfonds.
- om ten minste een "internskap" te borg (i.e. `n onderwysstudent wat indiensopleiding by die skool ontvang en deeltyds studeer)

- om ouers, voormalige-ouers, toekomstige ouers en sakemanne van ons gemeenskap te betrek by `n volhoubare fondsinsamelingsprojek wat die toekoms van Afrikaanse Christelike onderrig in ons land sal help verseker.

Lede van die klub word versoek om `n maandelikse bedrag van sy/haar keuse (verkieslik per debietorder), aan die klub te betaal. Om `n voorbeeld te gee: indien slegs 35 persone elk `n bydrae van R200 per maand maak, kan ons 2 internskappe borg. Dit kan geag word as 'n direkte belegging in die toekoms van ons verbondskinders. Die bedrag kan egter ook minder wees - enige bydrae is welkom!

Daar sal elke kwartaal 'n nuusbrief aan lede gestuur word. Sodoende sal lede ingelig bly met betrekking tot die skool se suksesse, prestasies en nuutste verwikkelinge.

Indien u belang stel om lid te word van die "Vriende van Akademie"-klub, voltooi asseblief die aangehegde vorm. Die vorm kan via e-pos gestuur word na admin@akademiereformia.co.za of gefaks word na (015) –296 8801. Indien daar enige vrae in die verband sou wees, kontak gerus die skoolkantoor by (015) 296 8812.

Deur Akademie Reformia as een van die begunstigdes op u internet bankdienste by te voeg, sal u verseker dat u ten volle beheer het oor die bedrag wat u maandeliks wil bydra.

U bydrae en betrokkenheid word hoog op prys gestel.

By voorbaat dankie!

Vriendelike Akademie-groete

MNR. D.E.H. COMBRINK
HOOF: AKADEMIE REFORMIA

MNR. C. HOOGENDYK
VOORSITTER: AKADEMIE REFORMIA

Vriende van Akademie Reformia inligtingsvorm

Van:	
Voorletters:	
Volle Name:	
Telefoonnommer:	
Selfoonnommer:	
e-posadres:	
Posadres:	
Maandelikse bydrae:	

Skool kontakbesonderhede: Telefoonnommer - (015) 296 8812
E-posadres: admin@akademiereformia.co.za